

Tussen twee wêrelde: Verlengde liminaliteit in migranteliteratuur – ’n gevallestudie van *Landuit want jy wil mos* deur Zirk van den Berg

Marietjie Lambrechts

Marietjie Lambrechts, navorsingsgenoot, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Die oorgangsrite soos uiteengesit deur Arnold van Gennep in die vroeë 1900's en verder ontwikkel deur Victor Turner fokus op 'n individu se kulturele oorgang van een ontwikkelingsfase na die volgende in sosiale gemeenskappe. Die rite bestaan uit drie fases, naamlik afskeiding van die bestaande posisie in die gemeenskap, die betreding van 'n liminale ruimte waartydens die individu homself voorberei om gedurende die laaste fase weer met die gemeenskap te integreer, maar nou in 'n nuwe hoedanigheid.

Na Van Gennep en Turner se werk geniet liminaliteit aandag in verskeie akademiese vakdissiplines. Min studies fokus egter op migranteliteratuur. Waar liminaliteit wel in migranteliteratuurstudies ter sprake kom, is dit volgens Marotta (2025) gefragmenteerd, weersprekend en inkonsekwent, eerder as om die verhouding tussen liminaliteit en migrasie duidelik weer te gee.

Hierdie artikel ondersoek die rol wat liminaliteit kan speel om 'n nuwe perspektief op migrante-problematiek te bied. Die uitgangspunt is dat migrante dikwels 'n verlengde liminale fase betree wat nie volgens 'n vaste tydraamwerk verloop nie en wat integrasie, identiteit en geborgenheid oor lang tydperke beïnvloed. Die artikel toon aan hoe *Landuit want jy wil mos* 'n spesifieke gesinsnarratief gebruik om hierdie verlengde liminale ervaring literêr te verwoord.

Daar word in die artikel afgewyk van die liniêre wyse waarop Van Gennep en Turner voorheen met die oorgangsrite omgegaan het en geredeneer dat die liminale periode 'n aaneenlopende proses verteenwoordig sonder 'n vooraf vasgestelde tydstruktuur. In die afwesigheid van 'n vaste struktuur is die uitkoms van die rite onseker. Suksesvolle voltooiing van die rite is afhanklik van die migrant se vermoë om homself uit die liminale periode te navigeer. Wat blyk is dat liminaliteit in sommige migrasie-ervarings nie bloot 'n kort oorgangsfase is met die

verwagting dat die migrant daarin sal slaag om suksesvol met die plaaslike inwoners van die gasheerland te assimileer nie. Dit word dikwels 'n verlengde en voortgesette toestand wat oor jare kan strek en die vorming van 'n nuwe identiteitskonstruksie diepgaande beïnvloed.

Trefwoorde: assimilasie; *communitas*; liminaliteit; migranteliteratuur; migrasie; ontworteling; oorgangsrite; terugkerende migrasie; verlengde liminaliteit

Abstract

Between two worlds: Extended liminality in migrant literature – a case study of *Landuit want jy wil mos* by Zirk van den Berg

This article examines the concept of liminality as an analytical framework for understanding migration experiences in contemporary migrant literature, with specific reference to *Landuit want jy wil mos* (2025), the autobiographical narrative by Zirk van den Berg. The book documents the migration of the Van den Berg family from South Africa to New Zealand and offers an intimate portrayal of displacement, cultural disorientation and prolonged emotional instability.

The concept of liminality derives from the Latin term *limen*, meaning “threshold” or “boundary crossing”. Rooted in the Latin *patio* (to suffer or undergo), liminality denotes a passage and an incomplete process of transformation, while simultaneously referring to uprooting, uncertainty and the temporary suspension of established identities and social roles. The central premise of this study is that migrants frequently enter a prolonged liminal phase that is not governed by a fixed temporal framework and exerts a sustained influence on processes of integration, identity formation and the experience of “belonging”.

Although the concept of liminality, originally theorised by Arnold van Gennep in the 1900s and further developed by Victor Turner, has been widely applied across disciplines such as anthropology, sociology, cultural studies and literary theory, its systematic application within migrant literary studies remains fragmented, contradictory and conceptually inconsistent, according to Marotta (2025). This study seeks to contribute by proposing liminality as a lens through which the complexities and emotional consequences of migration can be analysed in literary texts. Rather than approaching migration as a linear rite of passage with a clearly defined beginning, middle and end, this article argues that migration frequently unfolds as a prolonged and non-linear process. Migrants often enter a transitional state that extends beyond initial relocation and resettlement, affecting identity formation, social belonging and emotional well-being over extended periods of time. This study does not claim universal representativeness for all migrant experiences. Instead, it adopts a literary case-study approach in order to analyse how prolonged liminality is represented within a specific narrative context. *Landuit want jy wil mos* is particularly suited, because it is written retrospectively and offers insight into the early phases of migration as well as the long-term psychological consequences over time.

The concept of liminality was first introduced by Arnold van Gennep in his seminal work, *The rites of passage* (1909). Van Gennep assumes that renewal is essential to the survival of any community and identifies rites of passage as the mechanism through which cultural transitions from one social phase to another are marked (Van Gennep 1960 [1909]:x; Amonyeze 2017:5). Each transition, irrespective of context – such as initiation into a specific group or

class, coming of age, marriage, or divorce – consists of three phases: separation, transition and reintegration. Van Gennep's model represents a clearly demarcated beginning and an anticipated endpoint.

In his influential essay, "Betwixt and between: The liminal period in rites of passage" (1967), Victor Turner identifies the liminal phase as the most significant component of the rite of passage. While Van Gennep conceptualised transition as a movement towards reintegration into a new social order within clearly defined structural and temporal boundaries, Turner argues that the liminal phase is characterised by the absence of a fixed structure and predetermined duration. Instead, it constitutes a continuous process that begins when the individual is separated from a previous status or social reality and ends only when reintegration becomes possible (Turner 1969:106–7). Turner thus extends the concept beyond its narrow anthropological origins and emphasises that liminality should function as an analytical tool for understanding transitional periods across a range of social and experiential contexts. Therefore, liminality does not merely identify in-between phases; it foregrounds individuals' responses to liminal experiences. The analysis of such responses is particularly important, because they actively shape and transform processes of identity construction (Thomassen 2018:46).

Building on later developments in liminal theory, including the work of Thomassen and Szakolczai, the article introduces the concept of prolonged or stabilised liminality to describe the reasons why migrants struggle to complete the reintegration phase due to social exclusion, cultural barriers, economic precarity and limited acceptance within the social communities in host countries. This article draws on these developments to conceptualise migration-related liminality not as a permanent condition, but as a prolonged and residual state that may persist due to structural, cultural and social constraints.

The article further situates liminality within broader social and cultural contexts. Migration does not occur in a vacuum. It is shaped by ideological frameworks, institutional structures, language, labour markets and different culture frameworks in host countries. These factors influence the migrant's ability to form meaningful social relationships with other members in the host country. In most cases migrants are prevented from experiencing true *communitas* – Turner's concept of spontaneous and unlimited social belonging. The absence of *communitas*, along with language barriers, employment insecurity, cultural misrecognition and social exclusion, reinforces migrants' sense of "in-betweenness". Because both the temporal framework and the eventual outcome remain uncertain, the expectation of successful transition is replaced by doubt, insecurity, fear, ambiguity, contradiction, instability and a perceived loss of control over one's personal life trajectory (Beghetto 2022:11). Thomassen (2018:54) further argues that prolonged liminality may stabilise over time, rendering exit from this condition increasingly difficult.

When liminality is ignored or left unresolved, it produces serious consequences for both individuals and communities (Szakolczai 2018:35). Individuals who are unable to exit the liminal condition frequently experience boredom, existential meaninglessness and normative nihilism (Thomassen 2014:2). Such psychological states may manifest in socially disruptive behaviour. On the other hand, while some members of host societies display tolerance towards migrants, others resist adaptation and reject changes to established lifestyles that would facilitate inclusion (Dennison and Geddes 2021:549; Hainmueller and Hopkins 2014:225). These conflicting positions generate resentment and hostility, contributing to social fragmentation within host communities.

Migrants who are unable to adapt successfully in host countries often return to their countries of origin, where they may once again become trapped within a liminal condition. In addition to financial constraints and administrative challenges, return migration requires of migrants to confront the emotional reality that their initial decision to migrate may have been misguided. During their absence, countries of origin frequently undergo substantial transformation. These societies no longer correspond to migrants' memories and may no longer provide emotional security or a sense of existential stability (Bida 2018:8; Allen 2015:8). Friends and family members have also changed, and reintegration into intimate social networks is often difficult. Exposure to alternative worldviews – an inevitable consequence of migration – further widens the gap between returnees and those who remained behind (Marschall 2017:145).

The in-depth analysis of the book, *Landuit want jy wil mos*, reveals the social inclusion experiences of migrants while trapped in the liminal space. The retrospective, narrative structure allows the author to reflect on the long-term consequences of migration, revealing how liminality is not confined to the moment of relocation, but emerges already during the decision-making phase preceding departure. Despite assumed cultural proximity between the social group to which he and his family belong in South Africa and New Zealand society, the book depicts persistent barriers to inclusion. Factors such as underemployment and professional devaluation undermine the author's sense of dignity and self-worth. The family tried to cope through various strategies such as maintaining ties to the country of origin, preserving cultural rituals and forming relationships with fellow migrants. Although these coping strategies offer comfort and symbolic belonging, they simultaneously signal the absence of *communitas*, which presumably will lead to full assimilation into the social structures in the host country.

The Van den Berg family in *Landuit want jy wil mos* eventually adapts and achieves economic independence; yet the narrator continues to experience feelings of partial belonging, displacement and cultural ambivalence. Stability in this context does not equate to full assimilation or unconditional social acceptance, but rather to a negotiated coexistence with lingering liminal effects. Although the experiences depicted in the book are not universally representative, the narrator's reflections on emotional exhaustion, loss of confidence and social invisibility illustrate key features of prolonged liminality.

To conclude, the article introduces the concept of liminality not as an inevitable result of the migration process, but uses it to describe the long-term emotional and identity-related effects after migrants have achieved a degree of stability. It offers a valuable conceptual framework for migrant literary studies when understood as a dynamic, context-dependent and temporally extended process. Through the case-study analysis it demonstrates how literature can illuminate the live experiences of prolonged liminality and provide a deeper understanding of the psychological, emotional and social consequences of migration.

Keywords: assimilation; *communitas*; identity; liminality; migrant literature; migration; prolonged liminality; rites of passage; rootlessness; transitional space

1. Inleiding

Zirk van den Berg se nuutste boek, *Landuit want jy wil mos* (2025), fokus op die intens persoonlike ervarings van 'n Suid-Afrikaanse gesin wat na Nieu-Seeland emigreer. Aansluitend by hierdie outobiografiese vertelling, asook ander wat sedert 2016 in Afrikaans verskyn het,¹ het daar gedurende die laaste paar maande verskeie artikels oor die persoonlike ervarings van Suid-Afrikaners in die buiteland in die Suid-Afrikaanse media verskyn.² Uit hierdie persoonlike ervarings blyk dit dat migrasie nie slegs 'n geografiese verplasing behels nie, maar gepaard gaan met emosionele, sosiale en aanpassinguitdagings. Migrante bly dikwels vasgevang in 'n ruimte tussen “hier” en “daar”, die sogenaamde liminale ruimte aanvanklik geassosieer met antropoloog Arnold van Gennep en Victor Turner. Die begrip is afgelei van die Latynse woord, *limen*, wat 'n drumpel of grensoorskryding beteken. Gewortel in die Latynse “patio” (om te ly of te ondergaan) dui liminaliteit op 'n deurgang en 'n onvoltooide proses van verandering maar ook op ontworteling, onsekerheid, 'n tydelike opskorting van gevestigde identiteite en sosiale rolle.

Sedert Turner se afsterwe in 1983 het die begrip *liminaliteit* verskeie teoretiese uitbreidings ondergaan. Wels, Van der Waal, Spiegel en Kamsteeg (2011:1) wys daarop dat antropologiese benaderings tot liminaliteit voortdurend herbedink is. Uitgebreide studies, ook in Afrikaans,³ is in uiteenlopende studieveldes onderneem, soos onder andere die religieuse, die mistieke, identiteitkonstruksies, konflikstudies, internasionale verhoudings, literêre werke, besigheidstudies, psigologie, opvoedkunde, ontspanningsaktiwiteite, die kunste, populêre kultuurstudies en akademiese geletterdheid (Horvath, Thomassen en Wydra (reds.) 2018:7, 8; Thomassen 2014:7; Viljoen en Van der Merwe 2006:xxv; Nel en Olivier 2020:45). Min studies oor liminaliteit fokus egter op migranteliteratuur. Waar liminaliteit wel ter sprake kom in migranteliteratuurstudies, is dit volgens Marotta (2025) gefragmenteerd, weersprekend en teoreties inkonsekwent toegepas eerder as om die verhouding tussen liminaliteit en migrasie duidelik weer te gee.

Hierdie artikel ondersoek die rol wat liminaliteit kan speel om migrasie-ervarings binne literêre tekste beter te verstaan. Deur beide Van Gennep en Turner se definisies van liminaliteit te ondersoek, word geredeneer dat migrasie nie altyd volgens 'n eenvoudige liniêre oorgangsproses verloop nie. In baie gevalle manifesteer liminaliteit as 'n verlengde of herhalende toestand wat oor jare kan strek en migrante se identiteitsvorming, sosiale integrasie en gevoel van geborgenheid (sielsgebondenheid) diepgaande beïnvloed.

Landuit want jy wil mos is as bronteks gekies omdat dit migrasie vanuit 'n persoonlike, terugskouende perspektief verwoord en sodoende insig bied in beide die aanvanklike ontwrigtende fase van migrasie en die langtermynnagevolge daarvan. Die teks maak dit moontlik om te ondersoek hoe liminaliteit nie noodwendig as 'n kortstondige oorgang ervaar word nie, maar as 'n komplekse proses waarin integrasie en emosionele aanpassing voortdurend heronderhandel moet word. Die fokus van die studie is nie om universele uitsprake oor alle migrante te maak nie, maar om te ondersoek hoe liminaliteit binne 'n spesifieke literêre gevallestudie funksioneer.

Omdat die betekenis en toepassing van liminaliteit wissel na gelang van die historiese, kulturele en sosiale konteks (Kaya 2021:60) word hierdie ondersoek geplaas binne die ervaringswêreld van migrante soos dit literêr voorgestel word. Kirk, Ball en Jansen (2017:2774) beklemtoon dat subjektiewe ervarings onafskeidbaar verweef is met breër kulturele raamwerke, ondersteun deur bepaalde ideologieë, waardestelsels, ekonomiese omstandighede en religieuse oortuigings, soos

afgedwing deur bepaalde reëls en geïntegreer binne ’n algemeen aanvaarde lewenswyse. Hierdie studie neem dié kontekstuele kompleksiteit in ag deur migranteliteratuur as ruimte vir liminale ervarings te benader.

2. Migranteliteratuur

Sedert die 1990’s, toe tweede- en derdegenerasie-migrante literêre werke begin skryf het in die inheemse taal van hulle gasheerland, verskil akademië oor wat presies onder migranteliteratuur verstaan moet word. Etniese voorkoms, ’n ander waardestelsel, kulturele oriëntering en lewenswyse het daartoe gelei dat hierdie tekste dikwels as opponerend tot die algemeen aanvaarde kulturele oriëntasie wat op daardie stadium in die gasheerland gegeld het geïnterpreteer word. Die tekste is verpolitiseer, eerder as om op die estetiese waarde daarvan te fokus (Kosmalska 2022:336–7). Ten spyte van hewige weerstand deur nie-Westerse skrywers (Bouazza 2004:6) is hulle self asook hulle kreatiewe uitsette as die sogenaamde “ander” na die periferie van die gasheerland se kulturele verwysingsveld gerangeer.

In haar artikel: “Migranteliteratuurtemas in *Die wêreld van Charlie Oeng* deur Etienne van Heerden” (2019) verwys Lambrechts (2019:118) na verskeie akademië wat hulle hand gewaag het aan ’n definisie vir migranteliteratuur. Sy verwys onder andere na Kasprzycki (1998:169, 171) vir wie die afkoms/etnisiteit van die skrywer, tesame met die migrante-ondervinding, die onderskeidende kenmerke van migranteliteratuur behoort te wees. Vir Grüttemeier (2005:1) is die oorspronklike taal waarin die werk geskryf is van deurslaggewende belang, terwyl tekste waarin die poëtika van plek en/of verplasing volgens Buikema (2005) en Boehmer (2005:191) sentraal tot die narratief moet staan.

Seyhan (2001:5) fokus in sy definisie spesifiek op konteks. Vir hom verteenwoordig migranteliteratuur ’n bewuste poging om ’n linguistiese en kulturele geskiedenis deur persoonlike en kollektiewe herinneringe weer te gee. Deur die lens van persoonlike herinneringe en interpretasie van die skrywer se ervaringswêreld word eiesoortige probleme dus fiksie. Walkowitz (2006:533) is van mening dat migranteliteratuur nie alleenlik deur skrywers van migrantefkoms geskryf hoef te word nie, maar alle literatuur insluit wat handel oor migrante-ondervindings, ongeag of die skrywer self ’n migrant is, al dan nie. Kosmalska (2020:34) voeg by dat die interpretasie van die teks deur die leser ook in ag geneem moet word. Schrover (2014:199) sluit by sy definisie ook die invloed in wat die vertrek van migrante het/ghad het op persone wat in die land van oorsprong agtergelaat is in soverre dit in literêre tekste weergegee word.

Die moderne neiging is om migranteliteratuur te definieer as ’n literêre teks wat ’n kreatiewe uitset vereis en, hetsy volledig of ten dele, *migrante-ondervindings* (my kursivering) as tema aanroer.⁴ Dit is nie ’n voorvereiste dat die skrywer (of sy familie) self ’n migrant moet wees of ’n geskiedenis van migrasie moet hê nie,⁵ solank die literêre werk temas aanroer wat verband hou met migrasie in sowel lande van oorsprong as gasheerlande (Lambrechts 2020:175).

Literêre tekste wat migrasie na gasheerlande uitbeeld, sluit temas in soos onder andere ontworteling, generasiegapings, tussenin-posisies, diskriminasie, verlies van menswaardigheid, vooroordeel, stereotipering, diaspora en fragmentasie, herinneringe aan die land van oorsprong, gedwonge veranderings aan ’n identiteitskonstruksie (persoonlik en kollektief) as

gevolg van 'n ander kulturele verwysingsraamwerk, onsekerheid en verwerping as gevolg van 'n ander lewenswyse en waardestelsel wat algemeen geld in die gasheerland. As gevolg van hierdie ervarings in gasheerlande word migrante dikwels vasgevang in 'n liminale ruimte en baie vind dit moeilik om hulleself daaruit te navigeer.

3. Liminaliteit

Liminaliteit is deur die antropoloog Arnold van Gennep gemunt in sy boek: *The rites of passage* (1909). Hy gaan van die veronderstelling uit dat vernuwing noodsaaklik is vir die voortbestaan van enige gemeenskap en sonder oorgangsrites uit as die wyse waarop enige kulturele oorgang van een sosiale periode na die volgende binne 'n gemeenskap aangedui word (Van Gennep 1960 [1909]:x; Amonyenze 2017:5). Elke oorgang, ongeag die spesifieke konteks (byvoorbeeld inlywing in 'n spesifieke groep of klas, volwasewording, huweliksluiting of egskeiding) bestaan uit drie fases, naamlik skeiding, oorgang en laastens, hereniging/integrasie. Van Gennep se uiteensetting van die oorgangsrite verteenwoordig 'n tydruimtelike konstruksie met 'n duidelik aangetoonde begin en verwagte einde.

Met die aanbreek van die eerste fase word die betrokke individu geskei van sy vorige status (bestaanswerklikheid) binne die sosiale groep waaraan hy behoort. Hy laat dus 'n sekere vasgestelde rol, status of identiteit agter (Szakolczai 2018:17) en stap oor 'n simboliese drumpel tot in 'n oorgangstoestand (Viljoen en Van der Merwe 2006:xiii). 'n Tydruimtelike leemte word betree waarin die betrokke individu ingelyf of voorberei word vir 'n nuwe lewensfase. Dit is ook die periode waartydens die individu ou sosiale strukture, roetines, gebruike en gevestigde identiteite wat onderskryf en uitgeleef word binne die sosiale groep waarvan hy deel is, opnuut ondersoek in sy poging om daarby aan te pas, dit te verander of te verwerp. Die liminale periode word daarom gekenmerk deur ervarings van onsigbaarheid, afwesigheid, verwildering en 'n vloeibare identiteit (Kaya 2021:60). Gedurende hierdie fase van die oorgangsrite ondergaan die individu 'n proses van verandering met die veronderstelling dat dit hom in staat sal stel om as 'n volwasse, geneesde, geïnisieerde of ten minste veranderende individu in 'n nuwe omgewing aan te pas en weer met die gemeenskap te integreer (Schnugg 2018:81). Slaag die individu, volg die finale fase in Van Gennep (1960:11) se uiteensetting van die oorgangsrite en hy assimileer met die sosiale groep, maar nou in 'n nuwe hoedanigheid. As sodanig word hy aanvaar as lid van die gemeenskap en sy nuwe status gerespekteer. Op sy beurt ervaar die geïnisieerde 'n gevoel van geborgenheid ('n sielsgebondenheid), gewortel in die algemeen aanvaarde lewenswyse en kulturele waardestelsel van die groep waaraan hy behoort, noodsaaklike onderdele vir die konstruksie van sy nuwe identiteit. Van die individu word verwag om voortaan sy optrede te rig in ooreenstemming met 'n bepaalde ideologie, lewenswyse en waardestelsel soos vasgelê en afgedwing deur algemeen aanvaarde reëls en regulasies binne die gemeenskap (Beghetto 2022:11).

Nagenoeg ses dekades later laat Victor Turner Van Gennep se uiteensetting van oorgangsrites herleef in sy essay: "Betwixt and between: The liminal period in rites of passage" (1967). Vir hom is die liminale fase die belangrikste deel van die rite, nie alleen vir die individu persoonlik nie, maar ook vir die sosiale groep waaraan die individu behoort, omdat beide sekere aanpassings moet maak: die individu om hom in staat te stel om sy nuwe rol te aanvaar; die gemeenskap om ruimte te skep vir die nuwe toevoeging tot sy ledetal. Waar Van Gennep van die veronderstelling uitgaan dat enige oorgangsrite binne 'n bepaalde struktuur en tydraamwerk

plaasvind, redeneer Turner dat die liminale fase oor geen vaste struktuur⁶ en vooropgestelde tydraamwerk beskik nie. Dit verteenwoordig 'n aaneenlopende proses wat begin wanneer die individu geskei word van sy vorige status of bestaanswerklikheid en eers eindig met die aanbreek van die finale fase wanneer die individu gereed is om weer met die sosiale gemeenskap te integreer (Turner 1969:106–7). Turner bevry die begrip dus van sy eng antropologiese konnotasie en beklemtoon dat liminaliteit nie slegs tot die kulturele beperk moet word nie, maar as instrument behoort te dien om oorgangsperiodes op verskeie momente en in verskillende situasies te ontleed. Thomassen (2018:46) gaan verder en sê dat liminaliteit nie alleen dien om die belangrikheid van tussenin-periodes te identifiseer nie, maar ook om individue se reaksies op liminale ervarings te verstaan, omdat hierdie ervarings die identiteitskonstruksie van die individu beïnvloed en verander.

Elke fase van die oorgangsrite moet volledig voltooi wees voordat die betrokke individu na die volgende fase kan vorder. Die eerste fase van die oorgangsrite vereis dat die betrokke individu bewustelik afstand moet doen (skei) van die posisie wat hy voorheen in die gemeenskap beklee het. Die besluit om te migreer dui die begin van hierdie proses aan. Die redes vir migrasie speel daarom 'n deurslaggewende rol vir die suksesvolle afhandeling van die eerste fase van die oorgangsrite. Crawley en Jones (2021:3238) redeneer dat een van die redes waarom die effek wat liminaliteit op migrante het nog nie behoorlik geverifieer is nie, juis is omdat navorsers oor die onderwerp die meervlakkige betekenis wat die besluit om te migreer onderlê, buite rekening laat.

Morcillo-Espina en Bhat (2013:5) hanteer 'n aantal redes waarom individue besluit om te migreer en wat 'n direkte invloed het op die migrant se vermoë om homself uiteindelik uit die liminale ruimte te navigeer. Wanneer die aanvanklike bedoeling was dat die migrasie tydelik is en terugkeer na die land van herkoms van die begin af 'n gegewe, word 'n vaste struktuur gevestig en die uitkoms van die oorgangsrite verseker. Wanneer die doelwit vir die tydelike verplasing bereik is (fondse om 'n nuwe besigheid in die land van herkoms te begin of die afhandeling van werksgeleenthede, studie, reis, ens.) keer die migrant terug na sy land van oorsprong. Dit is nie nodig om die gasheerland se kulturele verwysingsraamwerk of lewenswyse te aanvaar nie en aanpassings gedurende sy verblyf is minimaal. Die situasie is anders in gevalle waar die bedoeling was dat die migrasie tydelik sal wees, maar dan om die een of ander rede permanent word. Die migrant word gekonfronteer met uitdagings wat hy nie met sy aanvanklike besluit verreken het nie. Wat aanvanklik begin het as 'n avontuur met 'n gewaarborgde uitkoms binne 'n voorafbepaalde vaste struktuur word nou omgesit in 'n periode van onsekerheid, angs en ambivalensie.

As permanente migrasie van die begin af die migrant se bedoeling was, betree hy die liminale ruimte met die vaste voorneme om aan te pas by sy nuwe omgewing en met die verwagting om uiteindelik met die plaaslike bevolking in die gasheerland te assimileer. Onder hierdie omstandighede is migrante gewoonlik bereid om aanpassings ten opsigte van hulle eie lewenswyse en waardestelsel te maak om die assimilasiëproses te vergemaklik.

Vertroue is 'n onontbeerlike deel van die integrasiëproses (Hynes 2011:31, 188) en dikwels loop migrante hulle van die begin af vas teen uitbuiting of reëls en regulasies in gasheerlande wat hierdie vertroue skaad. Saam hiermee speel kulturele verskille en 'n ander waardestelsel tussen inkomers en inwoners ook 'n rol in die migrant se vermoë om die broodnodige veranderings gedurende die liminale periode te maak.

As die migrant steeds twyfel of sy besluit om te migreer die regte een was en hy 'n moontlike terugkeer in sy agtersak hou indien dinge nie uitwerk soos hy verwag nie, voer hy 'n drumpelbestaan tussen hier en daar. Dit plaas 'n remskoen op die voltooiing van die oorgangsrite. Nie alleen hanteer hy sy verblyf in die gasheerland as 'n moontlik tydelike gegewe nie, maar die eerste fase van die oorgangsrite, naamlik skeiding, is ook nie volledig afgehandel nie. Wanneer die migrant afsien van sy voorneme om na sy land van oorsprong terug te keer, val hy opnuut vas in 'n liminale ruimte.⁷ Pogings moet van voor af aangewend word om 'n nuwe lewe in die gasheerland te beding.

Turner se uitgangspunt dat die liminale ruimte nie tydsgebonde is nie, het spesifieke implikasies vir die individu wat homself in hierdie ruimte bevind. Die doelpale vir die suksesvolle voltooiing van die laaste fase van die oorgangsrite verskuif voortdurend, deurdat die vaste struktuur soos deur Van Gennep in die vooruitsig gestel, opgehef word. Omdat sowel die finale uitkoms as die tydraamwerk in die weegskaal is, word 'n optimistiese verwagting dat die oorgangsrite suksesvol afgehandel sal word, omgeskakel in twyfel, onsekerheid, vrees, dubbelsinnigheid, teenstrydigheid, onstabiele en die gebrek aan beheer oor die betrokke persoon se persoonlike lewe (Beghetto 2022:11; Thomassen 2018:51).

Indien die oorgangsrite in 'n chaotiese middelfase vasval, moet iets of iemand van buite die liminale ruimte na vore tree om die betrokke individu daaruit te navigeer (Thomassen 2014:103) want verandering binne die oorgangsfase (die liminale ruimte) kan nie in 'n lugleegte plaasvind nie (Schnugg 2018:82). Die gemeenskap of sosiale groep waarvan die individu hoop om deel te word vervul onder hierdie omstandighede 'n deurslaggewende rol.⁸ In gevalle waar daar beduidende verskille is tussen die migrant en gasheerland se lewenswyse, waardestelsel, religieuse en kulturele verwysingsveld, is die inwoners van die gasheerland dikwels minder bereid om die inkommer(s) se teenwoordigheid in hulle land sonder meer te aanvaar en bied hulle weerstand.⁹ Selfs in gevalle waar daar nie ooglopende verskille is tussen die migrant en die lede van die gasheerland nie, is aanvaarding nie sonder meer 'n gegewe nie. Die teendeel is eerder waar. Suksesvolle afhandeling van die oorgangsrite is dus afhanklik van die gemeenskap se ongekwalifiseerde aanvaarding van die individu, as integrale deel van die sosiale verkeer binne die gemeenskap.

Turner (1967:131) noem die verhouding tussen mense *communitas*. Wat die sosiale verkeer tussen migrante en inwoners van die gasheerland betref, moet *communitas* onderskei word van die openbare ruimte, die sogenaamde derde ruimte waarna Bhabha (1994) verwys. Waar Bhabha se derde ruimte handel met die sosiaal-gestruktureerde samesyn tussen die lede van verskillende groepe in openbare ruimtes waaronder die werksplek, verwys *communitas* na die homogene, ongestruktureerde omgang tussen mense, met ander woorde 'n spontane en onmiddellike interaksie teenoor gestruktureerde juridies-politieke en ekonomiese regulasies (Turner 1967:131–2). Optredes binne hierdie spontane interaksie word egter beheer en ingeperk deur die ondersteuning van 'n spesifieke kulturele raamwerk, waardestelsel en lewenswyse. Daarom ontwikkel vry en ongestruktureerde interaksie tussen lede van 'n gemeenskap mettertyd 'n struktuur van sy eie waar die vrye interaksie tussen individue omgeskakel word in normgedrewe verhoudings tussen individue.

Volgens Thomassen (2018:55) maak kultuur- en ideologiese verskille asook botsende lewenswyses en waardestelsels dit moeilik vir migrante en inwoners van gasheerlande om nuwe vorms van 'n kulturele en sosiale lewe (*communitas*) te ontwikkel binne ruimtes waarin individue spontaan met mekaar verkeer.¹⁰ Selfs in die afwesigheid van noemenswaardige kulturele

verskille is die plaaslike gemeenskap nie geneë om ruimte te skep vir inkommers om deel te word van die sosiale lewe binne die gemeenskap nie (Craith 2009:202). Vriendekringe is reeds gevestig en nuwe inkommers versteur die dinamika van die groep wat nou moet plek maak vir 'n buitestander wat anders praat en dink.¹¹

Turton (2005:26) sê dat die ervaring van verplasing nie alleen oor die verlies van 'n plek gaan nie, maar om 'n plek in die wêreld te skep. Migrante neig in vervreemdende omstandighede terug na dit wat vir hulle bekend is, veral in terme van 'n bepaalde lewenswyse, waardestelsel, kulturele verwysingsveld en rituele (Seyhan 2002:11). "Plek" is daarom nie alleen 'n fisieke ruimte nie, maar dra ook 'n diep emosionele betekenis (Lambrechts 2020:178).

Volgens Szokolczai (2018:31) kan die waarde van rituele vir die skep van *communitas* nie genoeg beklemtoon word nie.¹² In hierdie proses speel die uitlewing van rituele 'n belangrike rol (Pedersen en Rytter 2018:2609). Nie alleen versinnebeeld rituele geborgenheid binne 'n kulturele groep nie, maar seremonies en rites het 'n diepgevestigde simboliese betekenis, enersyds nie net as gevolg van hulle intrinsieke waarde nie, maar andersyds ook omdat dit verbind word met die liggaam en sensoriese ervarings (Schnugg 2018:83; Pedersen en Rytter 2018:2606). Ten einde van waarde te wees hoef die ritueel nie in die openbare domein uitgeoefen te word nie. Dit is van net soveel waarde vir die betrokke individu of groep binne 'n geslote ruimte (Pedersen en Rytter 2018:2609).

Kaya (2021:65) is van mening dat taal een van die belangrikste instrumente is waarmee *communitas* in 'n liminale ruimte geskep word. Om te werk en te kommunikeer in 'n vreemde taal en in 'n ander kulturele verwysingsraamwerk is moeilik en frustrerend. Taal is ook 'n kultuurdraer (Amonyze 2017:5) en versterk daarom die gaping tussen migrante en inwoners van die gasheerland omdat verwysingspunte en die betekenis van begrippe dikwels verskil. Al die deelnemers aan Kirk e.a. (2017:2781) se empiriese ondersoek het byvoorbeeld aangedui dat hulle ten spyte van herhaaldelike pogings nie daarin kon slaag om 'n sinvolle verhouding met inwoners van die gasheerland te ontwikkel nie, hoofsaaklik as gevolg van taalverskille en kulturele hindernisse.

Vir migrante om *communitas* en sielsgeborgenheid in die gasheerland te ervaar, is dit noodsaaklik dat lede van die gasheerland ruimte moet maak vir die migrant se kulturele oriëntering en waardestelsel, anders kan daar nie van enige assimilasië sprake wees nie. Verblyf en aanvaarding van inkommers verteenwoordig egter verskillende kante van die munt. Terwyl sommige inwoners meer verdraagsaam teenoor migrante is, skop ander vas en weier om enige verandering aan 'n gevestigde lewenswyse te aanvaar ten einde inkommers te akkommodeer (Dennison en Geddes 2021:549; Hainmueller en Hopkins 2014:225). Teenstellende uitgangspunte lei tot wrokke en haatdraendheid teenoor mekaar, wat die plaaslike gemeenskap negatief beïnvloed en versplinter. As die gemeenskap nie bereid is om volkome assimilasië toe te laat nie, bly die oorgangsrite onvoltooid en die individu vasgevang in die liminale ruimte.

Migrante is egter nie altyd passief nie. Hulle bied weerstand, ondermyn die reëls en regulasies wat hulle posisie in die gasheerland definieer en daag die liminale ruimte uit deur oorlewingstrategieë te ontwikkel. Een daarvan is om in groepe te organiseer. Dit sluit aan by Hynes (2011:192) se stelling dat dit eerder mense as plekke is wat geborgenheid aan migrante bied. Groepvorming is problematies vir gasheerlande, want die onsigbare migrant word nou 'n sigbare teenwoordigheid wat die algemene voorkoms van die gasheerland verander. Ook die uitlewing van kulturele praktyke en gepaardgaande eise word dikwels nie goed in gasheerlande

ontvang nie (Peters:2006:7). Lede van die plaaslike bevolking is vyandiggesind en migrante word maklik gestereotipeer¹³ as korrup, misdadig, lui, werkstelers en niks beter as welsynsgevalle wat 'n las op die gemeenskap plaas nie (Giesen 2018:65). Hierdie ervarings van vooroordeel, verwerping, uitsluiting en 'n gebrek aan interaksie met die plaaslike inwoners van die gasheerland ontnem migrante van hulle selfrespek en menswaardigheid en verhoog die gevoel van marginalisering, ontgogeling, buitelanderskap, vervreemding en 'n gebrek aan aanvaarding, en migrante bly vasgevang in die liminale ruimte (Beghetto 2022:2). Hulle lewe word gekenmerk deur toenemende onsekerheid oor hulle posisie in die gasheerland en 'n vrees vir die toekoms.

Szakolczai (2018:35) wys daarop dat ignorering van liminaliteit tot ernstige gevolge kan lei, nie alleen vir die betrokke individu nie, maar vir die hele gemeenskap. Individue wat nie daarin kan slaag om hulleself uit die liminale ruimte te navigeer nie, verval dikwels in 'n gevoel van verveling, sinloosheid en normatiewe nihilisme (Thomassen 2014:2). Sodanige gevoelens lei tot onaanvaarbare gedrag en daarom word nie alleen die betrokke(n)s self nie, maar ook die gemeenskap as geheel beïnvloed. Reëls en regulasies, asook 'n bepaalde lewenswyse wat in gasheerlande geld, word nie spontaan aanvaar nie, en in die afwesigheid van die sosiale groep waaraan die migrant voorheen behoort het, voel hy ook nie meer gebonde aan hulle reëls en "manier van doen" nie. Hierdie nuutgevonde vryheid laat migrante hulle morele kompas verloor en dit beïnvloed hulle vermoë om in nuwe omstandighede aan te pas (Durkheim 1982:392). Migrante kan daarom beskou word as 'n bedreiging deur die inwoners van die gasheerland wat die vreemde indringers vrees, veral in gevalle waar daar 'n groot teenstrydigheid is tussen die kulturele oriëntering en lewenswyse van die inkomers en die inwoners van die gasheerland.

Die gevolge van liminaliteit is nie tot individue beperk nie. Wanneer sosiale en kulturele gemeenskappe en/of regerings binne landsgrense verander, ontstaan liminale periodes (Viljoen en Van der Merwe 2006:x). Hierdie periode vang die tussenin-situasies en -omstandighede vas, gekenmerk deur die ontwrigting van gevestigde strukture, die verlies van mag deur die regering, die omkering van hiërargieë en onsekerheid oor die voortsetting van tradisies en toekomstige uitkomst (Horvath e.a. 2018:2; Durkheim 1982:392). Die ou, gevestigde lewenswyse soos ondersteun deur 'n bepaalde ideologiese raamwerk, afdwing en in stand gehou deur wette, reëls en regulasies, bestaan nie meer nie en 'n nuwe stelsel is nog nie gevorm nie. Dikwels is die onseker uitkomst van hierdie periode die rede waarom individue besluit om te migreer.

Terugkerende migrasie is nie altyd moontlik of gewens nie. Hieronder tel onder andere finansiële faktore of die feit dat die betrokke individu sy burgerskap verloor het toe hy dié van 'n ander land aanvaar het en nou gekonfronteer word met 'n klomp administratiewe rompslomp om dit weer te herstel. Op emosionele vlak moet die migrant erken dat sy besluit om te migreer 'n fout was, terwyl die lede van die groep waaraan hy voorheen in die land van herkoms behoort het, hom boonop as 'n mislukking beskou. Wat ook al die rede, terugkerende migrante verwag dat die land van herkoms steeds 'n plek van geborgenheid en emosionele bestendigheid sal wees (Bida 2018:8; Allen 2015:8). Die teenoorgestelde is eerder waar en hy word met 'n ander werklikheid gekonfronteer. Die land van oorsprong korrespondeer nie meer met sy herinnerings nie. Ook die agtergeblewenes vind dit moeilik om die migrant weer as een van hulle te aanvaar.¹⁴ Nie net die land self nie, maar ook vriende en familie het tydens sy afwesigheid verander en met hulle lewens voortgegaan.

Ook die terugkerende migrant is nie meer dieselfde persoon nie (Biemann, Cohen en Wobick-Segnev 2019:7). Blootstelling aan 'n ander wêreldbeskouing – die noodwendige gevolg van migrasie – vergroot die gaping tussen terugkerendes en agtergeblewenes (Marschall 2017:145). In die lig van hierdie selfveranderende ervarings en nuwe persoonlike insigte vind migrante dit moeilik om aanknopingspunte te vind met vriende en familie wat agtergebly het. Verhoudings word ervaar as geforseerd, kunsmatig en dikwels oppervlakkig met min of geen gemeenskaplike raakvlakke nie (Muggeridge en Dona 2006:421). Hierdie onvermoë om op 'n voorheen bestaande dieper vlak met vriende en familie te kommunikeer, lei daartoe dat huis/tuiste, teen alle verwagting in, 'n plek van ongemak en vreemdheid geword het. Migrante wat gehoop het om met sy terugkoms met vriende en familie te herenig, word nou gekonfronteer met ervarings van vervreemding, verlies, ontheemding en 'n besef dat dit onmoontlik is om terug te keer na sy lewe voor migrasie. Ontworteling en vervreemding wat in die gasheerland ervaar is, word nou bevestig en die migrant moet opnuut sy eie posisie herdefinieer, byna op dieselfde wyse as met sy aankoms in die gasheerland. Omdat die land van herkoms in sy afwesigheid verander het, bestaan vaste verwysingspunte wat die migrant se siening van homself en sy identiteitskonstruksie voor sy vertrek onderlê het nie meer nie. Terugkerende migrante bevind hulle daarom in 'n unieke liminale posisie: weg van die vreemdheid van die gasheerland, maar ook nie meer tuis in die land van oorsprong nie.¹⁵

4. Verlengde liminaliteit

Na aanleiding van Van Gennep se drieledige struktuur redeneer beide Szokolczai (2005:212 e.v.) en Thomassen (2018:54) dat die individu se liminale toestand op die lang termyn stabiliseer en moeilik word om te verander wanneer enige fase van opeenvolging (skeiding, liminaliteit en integrasie) gedurende die oorgangsrite om die een of ander rede stol. Hierdie stolling, verduidelik Szokolczai verder, gebeur in die eerste fase wanneer die voorbereiding om af te skei nie realiseer nie; die tweede wanneer die betrokke individu nie daarin kon slaag om uit die liminale ruimte te ontsnap nie; en laastens wanneer die betrokke gemeenskap/sosiale groep vasval in rigiede waardestelsels en uitgediende ideologieë (Szokolczai 2005:217). Szokolczai onderspeel in sy beskrywing van die stollingsproses die rol van die gemeenskap as die onomkeerbare element vir die suksesvolle voltooiing van die finale fase vir individuele migrante. Sonder aanvaarding wat assimilasie van die individu met die groep voorafgaan, bly die migrant 'n buitestander vir wie dit onmoontlik is om homself uit die liminale ruimte te navigeer. Indien die oorgangsproses om die een of ander rede vasval en die betrokke individu(e) in die liminale ruimte vasgevang bly, word die individu se liminale toestand oor die lang termyn gestabiliseer en moeilik om te verander.

5. Tweede- en derdegenerasiemigrante

'n Ander aspek van liminaliteit wat dikwels buite rekening gelaat word, is die posisie van tweede- en selfs derdegenerasiemigrante. Botsings tussen ouers wat nog die ou waardes van die vaderland aanhang en kinders wat die nuwe in die gasheerland wil omarm, vervreem die generasies van mekaar (Alghamdi 2011:25). Gender-, klas- en religieuse verskille met die buitewêreld dra verder by tot konflik binne die gesin.¹⁶ Boonop kry kinders dikwels skaam vir die ouers se gedrag en/of voorkoms omdat dit nie inpas by die algemeen aanvaarde optrede in die gasheerland nie.

Benewens die feit dat migrantekinders, soos hulle ouers, ook as “die ander” deur tydgenote geklassifiseer word, ontbeër kinders van migrerende ouers ook die betrokkenheid van grootouers en ander nabye familie. Hulle ken mekaar nie en vir die ouers is dit te pynlik om oor die familie wat in die land van oorsprong agtergebly het te praat. Tweede- en derdegenerasiemigrante verloor dus nie alleen hulle moedertaal nie, maar ontbeër ook die geborgenheid van die sosiale groep waartoe die gesin voor migrasie behoort het. Indien ouers na jare besluit om terug te keer, bly die kinders dikwels agter as gevolg van ’n betrekking of huwelik met een van die plaaslike inwoners van die gasheerland. Dit fragmenteer die intieme binnekring en soos die jare aanstap, raak gemeenskaplike raakvlakke al hoe minder en families raak vervreem van mekaar.

6. Die ervarings van migrante in die liminale ruimte soos verwoord deur Zirk van den Berg in *Landuit want jy wil mos*

Landuit want jy wil mos (2025) is die skrywer Zirk van den Berg se outobiografiese vertelling (10)¹⁷ van sy gesin se migrasie uit Suid-Afrika na Nieu-Seeland. As patriargale hoof van sy gesin is die besluit om te migreer primêr syne en sy jong gesin moet noodgedwonge sy besluit respekteer en saamgaan. Die boek is ’n eerlike vertelling van die gesin se traumatiese ervarings in die gasheerland, gebaseer op dagboekinskrywings van sy vrou Elsabé en die verteller se bewaarde e-pos-briewe aan ’n vriend in Suid-Afrika. Hierdie vertelling hou direk verband met die gesin se ervarings in die gasheerland en hulle onvermoë om hulleself uit die liminale ruimte te navigeer. Na meer as 30 jaar in die gasheerland skryf die verteller in die voorwoord van die boek: “Bedags is ek ’n Kiwi. Ek woon en werk tussen hulle; voëls van eenderse vere. Maar snags ... dan skud ek die kiwivere af. In jou enkelheid bly jy wie jy is, die produk van jou herkoms en hebbelikhede, iemand wat met jou eie aard en geskiedenis bly stoei” (9). Na al die jare vra hy homself af: “Of ek al in Nieu-Seeland aangekom het, is ’n ander vraag. Ek voel my ontuis in twee lande” (59).¹⁸

Uit die boek is dit duidelik dat die verteller die liminale ruimte betree het die moment toe hy besluit het om te migreer. Sedert die verteller migrasie vir die eerste keer in 1980 tydens politieke onrus in Suid-Afrika oorweeg het (13), bevind hy homself in ’n tussenin-ruimte tussen “hier” (land van oorsprong) en “daar” (’n gasheerland), tussen “gaan” en “bly”. Terugkeer na sy vorige bestaanswerklikheid is hom nie meer beskore nie. Sy siening van homself en sy omgewing het onherroeplik verander. Hy voel al hoe meer ontuis in sy vaderland. Hy vrees dat hy nie in staat sal wees om sy gesin te beskerm nie. Snags versteur nagmerries sy nagrus (14). “Die gety kom in en daar is nie wegkomkans nie ...,” skryf hy (13).

Nog in die vaderland voer die verteller reeds ’n drumpelbestaan in terme van tyd (afskeid van sy land en omgewing, familie en vriende [17, 18]), asook die verlies van identiteit, politieke en regstatus), wagperiodes (werkspermitte, verblyf, visums, ens.) en praktiese reëlins vir die verhuising, met die uiteindelijke verwagting dat die finale fase, naamlik integrasie in die gasheerland, suksesvol sal wees.

Misdaad, geweld en ’n onseker toekoms as gevolg van ’n regeringsverandering wat nie noodwendig met sy eie kulturele verwysingsveld en waardestelsel ooreenstem nie, is die belangrikste redes waarom die verteller uiteindelik besluit om met sy jong gesin na Nieu-Seeland te migreer. Goed soos onder andere dat ’n mens in ’n hok moet lewe, omring deur ystertralies, en dat sy kinders opgesaal sou word met morele skuld oor ’n bestel waaraan hulle nie aandadig was nie, dien as verdere regverdiging (15). Meer as 30 jaar sedert sy gesin se vertrek na Nieu-Seeland verdedig die verteller steeds sy redes, al sê hy dat dit nie as verontskuldiging moet dien nie (15).

Sy besluit word nie in alle kringe met ewe veel entoesiasme begroet nie. Só byvoorbeeld merk die verteller op dat “sommige mense in Suid-Afrika dit as ’n persoonlike belediging ervaar as jy landuit gaan, so asof jy daarmee hulle lewenswyse kritiseer” (18). Vriende en familie moet hulle eie verlies verwerk en hulle houding teenoor die migrant en sy gesin verander (17, 18). Onder hierdie omstandighede word die verteller gedwing om sy besluit te verdedig, terwyl hy self momente van twyfel beleef.

Wanneer migrante van Westerse afkoms na ander Westerse lande migreer, aanvaar hulle dat daar nie groot kulturele verskille tussen hulleself en die inwoners van die gasheerland sal wees nie.¹⁹ Hulle arriveer in die gasheerland met die verwagting dat aanpassing en assimilasië met die plaaslike inwoners maklik en sonder veel moeite sal geskied. Die realiteit is dikwels anders. Al het die verteller verwag dat Kiwi’s van alle volke seker nie te ver van wit Suid-Afrikans is nie, moet hy vroeg na hulle aankoms in Nieu-Seeland toegee dat hulle in sekere opsigte opvallend anders is (115, 192, 204). Kultuurverskille en ’n ander verwysingsraamwerk maak aanpassing veel moeiliker as wat voorsien is. Die verteller kom agter dat daar ’n sekere ongenaakbaarheid by die Nieu-Seelanders intree wanneer geld van hande verwissel (21). Ook taal en andersoortige verwysingspunte is ’n probleem (22). Hy skryf: “Die raming dat dit ses maande of ’n jaar vat om in ’n ander land gelukkig te wees, was in ons geval belaglik ver van die kol af” (57).

Minderwaardige akkommodasie en gepaardgaande afsondering kortwiek assimilasië met die plaaslike gemeenskap. Al is die migrant finansiëel sterk genoeg om in middelklas- of selfs goeie woonbuurte tussen die plaaslike gemeenskap te woon, waarborg dit nie suksesvolle sosiale interaksie met die lede van die plaaslike gemeenskap nie.²⁰ In die gasheerland aangekom, word die Van den Berg-gesin gekonfronteer met ontoereikende akkommodasie. Hulle sukkel om ’n blyplek te vind. Die huise is anders georiënteer as in Suid-Afrika en hulle weet nie van watter kant af die son skyn nie. Wanneer hulle uiteindelik geholpe raak, is die plek se matte vuil en die plek ruik muf. Die mure is hol en boesem nie veel vertrou in nie (21).

Vir migrante wat nie reeds voor hulle vertrek uit die land van oorsprong daarin kon slaag om ’n vaste betrekking in die gasheerland te beding nie, blyk toegang tot die formele arbeidsmark problematies. Om ten spyte van hoë kwalifikasies ’n stabiele langtermynbetrekking te kry, is gekompliseerd en daarom is migrante dikwels verplig om ’n minderwaardige en/of swak-besoldigde posisie in die arbeidsmark te aanvaar, bloot om kop bo water te hou. Dit word bevestig wanneer die verteller verwys na ’n prokureur uit Suid-Afrika wat verplig was om aanvanklik toilette in ’n fabriek skoon te maak (74). Later word hy afgedank en bestuur nou ’n koffiewinkel. By ’n skool is die opsigter ’n soöloog wat al vyf boeke geskryf het. In Nieu-Seeland hark hy blare (152). Geen (of min) interaksie met lede van die gasheerland in die werksplek veroorsaak dat die migrant se droom om te integreer in die gasheerland onmoontlik blyk, met geen vooruitsig om uit die liminale ruimte te ontsnap nie.

Die verteller en sy gesin kom sonder die vooruitsig van ’n vaste werk in Nieu-Seeland aan. Hy dink aanvanklik dat hy geen probleem sal hê om ’n permanente betrekking te vind nie. Soos sy aansoek die een na die ander afgewys word, taan sy selfvertroue en word sy menswaardigheid bedreig: “Werk soek is die swaarste werk wat ek nog ooit gedoen het. Dit knaag aan jou siel. Die teorie is dat jy jou talente gaan verkoop, maar later voel dit vir jou jy bedel net. Is daar dan niemand wat dink ek het ’n bydrae om te lewer nie?” En verder: “’n Werklose se siel is so honger soos sy lyf” (69). Hy kom vinnig agter dat die pryse wat hy vir sy werk in Suid-Afrika verower het van nul en gener waarde in Nieu-Seeland is. Veral kulturele verskille en ander

verwysingsraamwerke kortwiek sy pogings. Daarby is taal ook 'n probleem en hy word verplig om aanpassings aan sy Engels te maak. Die verteller moet hom ten einde laaste op vryskutwerk verlaat om liggaam en siel aanmekaar te hou. Ook Elsabé, sy vrou, is ewe onsuksesvol. Na sewe jaar se universiteitsopleiding in Suid-Afrika bel die winkelier haar nie eers terug nadat sy aansoek gedoen het om winkelrakke in die plaaslike winkel te pak nie (36). Op 'n stadium was die verteller en sy gesin van die Welsyn afhanklik (44). Belastingtyd besluit die Nieu-Seelandse regering hy is nie arm genoeg nie en moet hy al die geld weer terugbetaal (45). Finansiële probleme veroorsaak dat die verteller aan homself en sy vermoëns begin twyfel en hy skryf: “Skuldgevoelens en verbreekte beloftes is deel van hierdie twyfel.” Tot vandag toe nog verwyf hy homself oor die invloed wat die gesin se migrasie op sy vrou gehad het. Hy sê: “Die hartseer wat my besluit om te migreer haar aangedoen het, is loshande die slegste ding omtrent die trek hierheen” (48). Wat die res van sy gesin betref, skryf hy: “Die letsels van daardie tyd sal hulle nooit verlaat nie” (52).

Die gesin kom agter dat die plaaslike inwoners nie gretig is om migrante in hulle binneruimtes te verwelkom nie en die Van den Bergs doen hulle bes om 'n eie plek in die “nuwe” wêreld te skep. Hulle gryp terug na die bekende om 'n gevoel van geborgenheid en *communitas* te skep, al is die sosiale gemeenskap waarna hulle verlang duisende myle weg. Die verteller sê: “'n Mens het rituele in jou lewe nodig” (130). Só byvoorbeeld vier hulle hul tweede Kersdag in Nieu-Seeland op eg Suid-Afrikaanse wyse met 'n tradisionele Kersete waartydens Ouma Mina se hoenderpasteitjies, mosterd en trifle saam met Ouma Paula se soetpatats bedien word (199), heeltemal te veel vir die vier gaste om die tafel, maar 'n herinnering aan die oorvol Kerstafels in Suid-Afrika. Al besef die gesin dit nie self nie, is die soeke na geborgenheid deur middel van die ritueel 'n bevestiging van hulle eie afsondering en gevangenis binne die liminale ruimte waarin hulle vasgevang is. Geure en geluide wat aan die land van herkoms herinner is ook 'n manier om samesyn met die mense tuis te ervaar en sal daarom altyd voortleef in die nuwe (Biermann e.a. 2019:8). Die reuk van freesias by 'n skool se ingang herinner Elsabé aan Suid-Afrika, en dit is genoeg rede om haar te laat glo dat dit die regte plek vir hulle seun is (31).

Omdat vriendskapsbande met migrante in eie geleedere dikwels deur die plaaslike bevolking in gasheerlande afgekeur word,²¹ is migrante geneig om met 'n persoon of groep te identifiseer uit eie lande van herkoms (149). Medelandgenote met wie die betrokke migrant nooit vroeër sou sosialiseer nie, word nou deel van sy vriendekring.²² “Baie van die Suid-Afrikaners wat ons ontmoet [...] is nie mense met wie ons daar (die land van oorsprong) vriende sou wees nie, en hier haper dit ook maar” (159).²³ Sosiale interaksie bly afstandelik en voldoen dikwels nie aan die migrant se behoefte aan 'n emosionele tuiste en geborgenheid binne die gasheerland nie. Hierdie saambondel van medelandgenote is ook 'n manier om 'n gedeelde identiteit uit te druk en die groep van ander migrante en/of inwoners van die gasheerland te onderskei. Nie alleen marginaliseer dit die migrant verder nie, maar dit isoleer hom verder van die plaaslike gemeenskap. Dit is insiggewend dat die verteller na bykans 30 jaar in die buiteland nie na 'n vriendekring verwys nie, maar na “ons *betreklik klein kring van kennis*” (187) (my kursivering).

Interaksie met medelandgenote bied ook nie aan die gesin die ondersteuningsnetwerk waarop hulle gehoop het nie: “Kom jy dan in 'n nuwe land, is daar geen manier om vir hierdie verlies (aan 'n vriendekring) te vergoed nie” (159). Die behoefte aan 'n ondersteuningsnetwerk laat die verteller opmerk, “is 'n refrein wat ek by talle immigrante hoor, dat die ondersteuning van vriende en familie hier plaaslik 'n geweldige verskil maak. Dis natuurlik nie almal wat gelukkig genoeg is om sulke mense om hulle te hê nie” (55). Die gebrek aan sielsvriende is vir beide die verteller en sy vrou Elsabé die grootste probleem. “Ons albei se hartspelle is steeds mense uit

ons jongdae en hulle sit in Suid-Afrika” (160). Daarom doen hulle, net soos ander migrante, alles in hulle vermoë om bande met familie en vriende in die vaderland in stand te hou, al is dit dan via e-pos, maar ook dié interaksie is nie suksesvol nie. “Ons kry dit nie reg om oor die foon lekker met mekaar te praat nie,” sê hy (30). Hulle gaan selfs na die optredes van Suid-Afrikaanse kunstenaars van wie hulle nie hou nie, bloot om in kontak met die land van herkoms te bly (66). Ook die tydsone tussen lande is dikwels ’n probleem. Só byvoorbeeld bel vriende of familie wanneer dit die middel van die nag in Nieu-Seeland is. Onvriendelike reaksies help nie juis om vriendskapsbande in stand te hou nie (167).

Migrasie is ’n gemene deler en migrante soek mekaar dikwels in vervreemdende omstandighede op bloot ter wille van sosiale interaksie.²⁴ “Omdat die Kiwi’s van ons ouderdom reeds hulle gevestigde vriendekringe het, het ons gevind dat immigrante meer oop is vir vriendskap” (159), “al kommunikeer mens soms maar swaar” (182). Benewens taal is verskillende kulturele agtergronde ook ’n struikelblok (217). Wanneer die gesin by ’n Mormoonse klasmaat van Bernard gaan kuier, weet die verteller al gou dat hulle nie boesemvriende met hulle sal word nie (63). Ook ’n kuier met Koreaanse mense loop op ’n fiasko uit (183). Selfs met die bure is daar min of geen kontak nie. Na al die jare in Nieu-Seeland het die Van den Bergs nog net een keer met die Koreaanse omie langsaan gepraat en dit met behulp van ’n tolk (188).

Ten spyte van hierdie hindernisse doen migrante, veral in gevalle waar permanente migrasie in die vooruitsig gestel is, moeite om deel te word van die gemeenskapslewe in gasheerland. In hierdie proses word hy al hoe meer verstrengel tussen dit wat hy is en dit wat hy, volgens eie insigte, behoort te wees om aanvaarbaar te wees in die gasheerland. Só byvoorbeeld sê Anna dat sy alles in haar vermoë gedoen het om ’n aanvaarbare uitlander te wees, iemand met wie die plaaslike inwoners oor die weg sal kom en wat by hulle aktiwiteite ingesluit sal word (231).

Ten spyte van al hulle pogings bly onvoorwaardelike aanvaarding (*communitas*) deur die gemeenskap uit en die gesin moet die feit verifieer dat hulle moontlik vir die res van hulle lewe in ’n liminale ruimte vasgevang sal bly. Onder hierdie omstandighede is migrante dikwels geneig om terugkeer na hulle land van herkoms te oorweeg. Daar is dikwels nie dieselfde geleenthede in die vaderland as dié waaraan ander gesinslede in die gasheerland gewoon geraak het nie en hulle bied teenstand. Dit kompliseer verhoudings binne die gesin.

Wanneer die verteller besluit om in Nieu-Seeland te bly, begin die gesin opnuut om eie oorlewingstrategieë te ontwikkel. Omdat die verteller nie meer te vinde is vir oppervlakkige interaksie met medelandgenote nie (213) moet hy en sy gesin ander maniere vind om ’n eie leefwêreld te skep en hulle eensaamheid te besweer.

Dit is uit die vertelling duidelik dat liminaliteit ook ’n beduidende invloed uitoefen op generasie-gapings binne die gesin. Ouers wat hulleself in die liminale ruimte bevind, het ’n beduidend negatiewe invloed op hulle kinders. Die verteller in *Landuit want jy wil mos* sê dat kinders se vroeë kinderdae geknou word deur hulle ouers se gedempte geestestoestand en spanning in die huis (45). Só byvoorbeeld skaam Bernard hom vir sy pa tydens ’n prysuitdelingsremonie by sy skool (157). Soms is ouers self daarvoor verantwoordelik dat kinders minderwaardig voel in die gasheerland. Só byvoorbeeld sê Anna se ouers vir haar sy moet “NZ European” op vorms invul.

Hulle het gesê as ek “African” merk, sal mense aanneem dat ek nie goed Engels kan praat nie. Dit het my laat voel asof ek van ’n minder belangrike en minder ontwikkelde land kom en dat wit Kiwi’s op my sal neersien as hulle sou weet. Dit het ’n mate van skaamte oor my herkoms geskep. (231)

Die verteller is pynlik bewus van die feit dat sy kinders die nabyheid en ondersteuning van grootouers en familielede ontbeer, maar dit is vir hom en sy vrou te pynlik om oor hulle te praat. Ook die verteller se moedertaal gaan verlore. Al praat die gesinslede Afrikaans onder mekaar geniet die kinders geen formele onderrig in die taal nie. Die verteller is 'n skrywer wat al toonaangewende literêre pryse in Suid-Afrika ontvang het, maar sy kinders kan nie sy werk lees wat in Afrikaans verskyn het nie. Hulle het dus geen toegang tot 'n belangrike deel van sy lewe nie.

Net wanneer die verteller begin voel dat sy en sy gesin se aanpassing in die gasheerland suksesvol kan wees, word hulle met nuwe uitdagings gekonfronteer. “Toe ek weer kyk, verkrummel die fondasies waarop my lewe in Nieu-Seeland rus en dompel dit ons terug in dieselfde krisis as tydens ons eerste maande in die nuwe land” (219). Die maatskappy waar hy uiteindelik 'n vaste betrekking gekry het, word deur Amerikaners oorgeneem. Hy ontvang 'n pakket en moet weer sy toevlug tot vryskutwerk neem om kop bo water te hou (220).

In die lig van 'n onseker toekoms en sy onvermoë om sy gesin se lewe in die rigting te stuur wat hy beplan het (171), begin die verteller dit oorweeg om na Suid-Afrika terug te keer. Sy liminale posisie word bevestig wanneer hy opmerk: “As ek dink hoe moeilik dit hier gaan, wil ek net terug. As ek dink hoe dit daar gaan, geweldsgewys, dan wil ek net hier bly” (191). Boonop herinner sy vrou hom gedurig daaraan dat hy belowe het hulle kan terugkeer as dinge in Nieu-Seeland nie uitwerk nie. Hy besef: “In haar kop woon sy eintlik nog in SA. Sy hou haar met SA dinge besig, en dit was maar van die begin af so” (225).

Hy besef dat terugkeer na sy vaderland nie so maklik sal wees nie. Eerstens gaan dit hulle finansiële hard slaan. Sy werksmooitlikhede en inkomstepotensiaal in Suid-Afrika lyk oes. Hy bekommer hom oor sy kinders en hou rekening met die feit dat groot sielkundige en emosionele spanning op hom en sy vrou wag. Uiteindelik besef hy dat daar geen opsie is waarby almal sal wen nie (226). Oor homself skryf die verteller: “As ons nou sou bly, sal ek baie hard daaraan moet werk, sodat ek 'n nuwe identiteit kan her-saamstel in die sg. post-loss wêreld. So begin ek dalk weer 'n lewe van betekenis. Miskien in retrospek maak hierdie tyd van ontsettende onsekerheid en upheaval sin as dit beteken dat ek my uiteindelik kan berus” (221–2).

Dit is wat die verteller en sy lewensmaat uiteindelik regkry. Met die laaste kans op terugkeer daarmee heen, besluit Elsabé om deelyds verder te studeer (230). Sy het haar lot noodgedwonge aanvaar en “doen sinvolle en verrykende goed”, terwyl die verteller tevrede is om in Nieu-Seeland te wees. Om tevrede te wees en/of jou lot te aanvaar beteken nie spontane interaksie en volledige assimilasië met die inwoners van die gasheerland nie. Na meer as 30 jaar in Nieu-Seeland besef die verteller dat hy altyd 'n buitestander sal bly en merk hy op: “Die beter lewe waarop immigrante hoop kom partykeer langsaam en partykeer glad nie” (45). Die plaaslike bevolking sal hom nooit as een van hulle aanvaar nie. Boonop bied die gasheerland nie vir hom die ruimte waar hy sy kreatiwiteit ten volle kan uitleef nie. Die verteller is en wil skrywer wees, maar vra homself: “(W)at maak ek in Suid-Afrika met 'n Engelse storie, of in Nieu-Seeland met 'n storie wat in Suid-Afrika afspeel?” (214). Mettertyd slaag hy daarin om 'n uitgewer in Suid-Afrika te vind en verower hy belangrike literêre pryse vir sy werk. In Nieu-Seeland egter weet of onthou bitter min mense dat hy skryf. Hier is hy “so anoniem soos 'n ryskorrel in 'n Chinese hotelkombuis” (215).

Uiteindelik besef die verteller dat hy nog nooit die weggaan uit Suid-Afrika as permanent wou aanvaar nie. Elsabé skryf in haar dagboek toe sy vroeër haar gevoelens oor migrasie probeer verwoord het die volgende: “Ontneem, onthoem, ontdaan, onteien, ont-huis, ont-ouers, ont-

vriend, ont-land, ont-verlede; ont-hede, ont-toekoms.” Nou, na dekades in Nieu-Seeland, rig hy op grond van hierdie dagboekinskrywing ’n waarskuwing in sy teks aan voornemende migrante: “Lees hierdie woorde maar mooi. Dis jou voorland as jy migreer” (227). “Dit laat jou met wonde wat nooit sou heel nie” (233). Hierdie uitkoms van migrasie is nie net van toepassing op die Van den Berg-gesin nie. Van hulle gasheerland sê Elsabé:

Dis ’n vredige en gelukkige land, maar daar is ’n onderstroom van hartseer. Want hier loop derduisende migrante rond wat elkeen sy eie hartseer²⁵ saamdra – hetsy oor die verlies aan ’n geboorteland, die swaarkry wat mense hier ervaar, of die herinnering aan wat hulle in hul tuisland moes deurmaak. (152)

7. Ten slotte

Ten spyte van die wye toepassing van liminaliteit in verskeie vakdissiplines sedert die 1960’s bly die sistematiese ontleding van die begrip binne migranteliteratuur relatief beperk. Hierdie artikel lewer ’n bydrae om hierdie leemte te vul deur aan te toon hoe liminale ruimtes migrante se ervarings in gasheerlande struktureer, met spesifieke verwysing na *Landuit want jy wil mos* as literêre gevallestudie. Die boek dokumenteer nie noodwendig ’n universele migrasiepatroon nie, maar bied ’n genuanseerde voorstelling van hoe verlengde liminaliteit een gesin se migrasieproses beïnvloed en vorm. Alhoewel die Van den Berg-gesin uiteindelik ’n vorm van stabiliteit en aanpassing in die gasheerland bereik, suggereer die narratief dat die psigologiese en emosionele impak van migrasie nie eenvoudig verdwyn nie, maar as ’n ervaring bly voortleef.

Migrante wat permanente migrasie veronderstel leef met die verwagting dat integrasie met die plaaslike gemeenskap in die gasheerland binne ’n beperkte tyd sal plaasvind. *Landuit* dui aan dat die tweede fase van die oorgangsproses – die liminale fase – dikwels uitgereken en kompleks is. Wat blyk is dat liminaliteit nie bloot as ’n oorgangsfase verstaan moet word nie, maar as ’n dinamiese en meervoudige proses wat migrante se ervarings oor tyd beïnvloed. Die gekose boek funksioneer in hierdie opsig as ’n literêre ruimte waarbinne die kompleksiteit van migrasie en die herformulering van ’n nuwe identiteitskonstruksie op ’n genuanseerde wyse verwoord word.

Bibliografie

Adichie, C.N. 2017. *Americanah*. Londen: 4th Estate.

Alghamdi, A. 2011. *Transformations of the liminal self. Configurations of home and identity for Muslim characters in British postcolonial fiction*. Bloomington: iUniverse.

Allen, J.S. 2015. *How habitat made us human*. New York: Basic Books.

Amonyeze, C. 2017. Writing a new reputation: Liminality and bicultural identity in Chimamanda Adichie’s *Americanah*. *Journal of Black Studies*, April–Junie:1–9.

- Beghetto, R.G. 2022. *Monstrous liminality – or the uncanny strangers of secularized modernity*. Londen: Ubiquity Press.
- Bida, A. 2018. *Mapping home in contemporary narratives*. Cham: Palgrave Macmillan.
- Biemann, A.D., R.I. Cohen en S.E. Wobick-Segev (reds.). 2019. *Spiritual homelands. Perspectives on Jewish texts and contexts*. Volume 12. Boston: De Gruyter.
- Bhabha, H. 1994. *The location of culture*. Londen: Routledge.
- Bouazza, H. 2004. *Een beer in bontjas. Autobiografische schetsen*. Amsterdam: Prometheus.
- Buikema, R. 2005. A poetics of home: On narrative voice and the deconstruction of home in migrant literature. In Merolla en Ponzanesi (reds.) 2005.
- Coetzee, A. 2020. Afrikaans as liminale transnasionale literêre sisteem: 'n paar gedagtes oor ontlaering uit QwaQwa. LitNet Seminaarkamer. <https://www.litnet.co.za/afrikaans-as-liminale-transnasionale-literere-sisteem-n-paar-gedagtes-oor-ontlaering-uit-qwaqwa/> (1 Desember 2025 geraadpleeg).
- Coser, L.A. en B. Rosenberg (reds.). 1982. *Sociological theory. A book of readings*. New York: Macmillan Publishing.
- Craith, M.N. 2009. Writing Europe: a dialogue of liminal Europeans. *Social Anthropology/Anthropologie Sociale*, 17(2):198–208.
- Crawley, H. en K. Jones. 2021. Beyond here and there: (re)conceptualising migrant journeys and the “in-between”. *Journal of Ethnic and Migration Study*, 47(14):3226–42.
- De Jager, F. (samest.). 2023. *Ver in die wêreld*. Kaapstad: Tafelberg.
- Dominguez, C. en M. O'Dwyer (reds.). 2014. *Contemporary developments in emergent literatures and the new Europe*. Santiago de Compostela: Universidad de Santiago de Chile.
- Dennison, J. en A. Geddes. 2021. Thinking globally about attitudes to immigration: concerns about social conflict, economic competition and cultural threat. *The Political Quarterly*, 92(3):541–51.
- Durkheim, E. 1982. Anomie and suicide. In Coser en Rosenberg (reds.) 1982:38–96.
- Frank, S. 2014. The emergence of a literature of migration (in Europe): When, why, what, where (not). In Dominguez en O'Dwyer (reds.) 2014:37–53.
- García, C. 2003. *Monkey hunting*. New York: Alfred A. Knopf.
- Giesen, B. 2018. In betweenness and ambivalence. In Horvath, Thomassen en Wydra (reds.) 2018:62–71.

- Grüttemeier, R. 2005. Nederlandse migrantenliteratuur in Duitse vertaling. Een receptieve-onderzoek naar de joernalistieke literatuurkritiek. *Neerlandica Extra Muros*, 43(1):1–11.
- Hainmueller, J. en D.J. Hopkins. 2014. Public attitudes towards immigration. *Annual Review of Political Science*, 17:225–49.
- Horvath, A., B. Thomassen en H. Wydra (reds.). 2018. *Breaking boundaries*. New York: Berghahn.
- Horvath, A., B. Thomassen en H. Wydra. 2018. Liminality and the search for boundaries. In Horvath, Thomassen en Wydra (reds.) 2018:1–8.
- Hynes, P. 2011. *The dispersal and social exclusion of asylum seekers*. Bristol: The Policy Press.
- Kasprzycki, N. 2009. The migrant novel and its characteristics. *Commonwealth in English*, 7(8):69–178.
- Kaya, H. 2021. Liminality in Latif Tekin's Berji Kirstin: Tales from Garbage Hills. *Journal of European Studies*, 51(1):59–69.
- Kirk, K., E. Bal en S.R. Janssen. 2017. Migrants in liminal time and space: an exploration of the experiences of highly skilled Indian bachelors in Amsterdam. *Journal of Ethnic and Migration Studies*, 43(16):2771–87.
- Kosmalska, J. 2022. Defining migration in writing. *Journal of Literary Theory*, 16(2):331–50.
- Labuschagne, M. 2025. Emigreer vroeër eerder as later. *Die Burger*, 29 April, bl. 11.
- Lambrechts, M. 2019. Migranteliteratuurtemas in *Die wêreld van Charlie Oeng* deur Etienne van Heerden. *LitNet Akademies*, 16(1):103–44. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2019/06/LitNet_Akademies_16-1_Lambrechts_103-144.pdf.
- . 2020. Die invloed van plek en ruimte op die identiteitskonstruksie van vrouemigrante binne die Suid-Afrikaanse konteks na aanleiding van *Zebra crossing* (2013) deur Meg Vandermerwe. *LitNet Akademies*, 17(1):171–96. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2020/04/LitNet_Akademies_17-1_Lambrechts_171-196.pdf.
- Lefteri, C. 2020. *The beekeeper of Aleppo*. New York: Ballantine Books Inc.
- Marotta, V. 2025. Rethinking liminality in refugee and migrant studies. *Ethnicities*, 25(3). <https://journals.sagepub.com/doi/full/10.1177/14687968251328675> (12 Mei 2025 geraadpleeg).
- Marschall, S. 2017. Migrants on home visits: memory, identity and the shifting sense of self. *International Journal of Tourism Research*, 19(2):214–22.
- Merolla, D. en S. Ponzanesi. 2005. *Migrant cartographies. New cultural and literary spaces in post-colonial Europe*. Londen: Lexington.

- Morcillo, A. en R. Bhat. 2013. Return migration to South Africa: reasons and socioeconomic profile. *Working paper 03/2013*. Navarra Centre for International Development.
- Muggeridge, B. en G. Dona. 2006. Back home? Refugees' experiences on their first visit back to their country of origin. *Journal of Refugee Studies*, 19(4):415–32.
- Naudé, S.J. 2011. *Alfabet van die voëls*. Kaapstad: Umuzi.
- . 2023. *Van vaders en vlugteling*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Nel, M. en J. Olivier. 2020. 'n Taalkundige ondersoek na die liminale ruimte tussen die akademiese en literêre wêreld: Hambidge – die grensverskuiwende rebel. *Stilet*, 32(1&2):41–62.
- Pederson, M.H. en M. Rytter. 2018. Rituals of migration: an introduction. *Journal of Ethnic and Migration Studies*, 44(16):2603–16.
- Pfeijffer, I.L. 2019. *Die mooiste meisie van Genua*. Vertaal deur F. Olivier. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Peters, R. 2006. A dangerous book. Dutch public intellectuals and the Koran. *European University Institute. EUI working papers. RSCAS nr. 2006/39*. Florence: European University Institute.
- Rautenbach, R. Conradie. 2010. 'n Ontleding van die konsep *liminaliteit* soos dit vergestalt word met betrekking tot hoofkarakters in: 'n *Ander land* deur Karel Schoeman; *Die son kom aan die seekant op* deur Jeanette Ferreira; *Lang skaduwees in Afrika* deur Connie Luyt en *Paul Roux* (ongepubliseerd) deur R. Rautenbach. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Rossouw, J. 2025. Die Johann Rossouw-gespreksreeks: Zirk van den Berg se *Landuit want jy wil mos* – oor gemeenskap, ontheemding en tuiste. LitNet: Seminare en essays, 14 Maart. <https://www.litnet.co.za/die-johann-rossouw-gespreksreeks-zirk-van-den-berg-se-landuit-want-jy-wil-mos-oor-gemeenskap-ontheemding-en-tuiste/> (1 Desember 2025 geraadpleeg).
- Schnugg, C. 2018. Spaces in-between. Liminality. Setting the stage for something new. Understanding arts-based initiatives through the lens of liminality and rites of passage. *Journal of Cultural Management and Cultural Policy/Zeitschrift für Kulturmanagement und Kulturpolitik*, 4(2):77–102.
- Schrover, M. 2014. Dutch migration history. Looking back and moving forward. *Tijdschrift voor Sociale en Economische Geschiedenis*, 11(2):199–218.
- Seyhan, A. 2001. Introduction. Neither here/nor there: the culture of exile. In Seyhan (red.) 2001:3–22.
- Seyhan, A. (red.) 2001. *Writing outside the nation*. Princeton: Princeton University Press.

- Szakolczai, A. 2005. *Reflexive historical sociology*. Londen en New York: Routledge.
- . 2017. *Permanent liminality and modernity*. Londen: Routledge.
- . 2018. Liminality and experience. In Horvath, Thomassen en Wydra (reds.) 2018:11–38.
- Thomassen, B. 2014. *Liminality and the modern. Living through the in-between*. Surrey: Ashgate Publishing Company.
- . 2018. Thinking with liminality. In Horvath, Thomassen en Wydra (reds.) 2018:39–58.
- Turner, V. 1967a. Betwixt and between: the liminal period in *rites de passage*. In Turner 1967b:93–111.
- . 1967b. *The forest of symbols*. Ithaca, New York: Cornell University Press.
- . 1969. *The ritual process. Structure and anti-structure*. Ithaca: Cornell University Press.
- Turton, D. 2005. The meaning of place in a world of movement: lessons from long-term field research in Southern Ethiopia. *Journal of Refugee Studies*, 18(3). DOI:10.1093/refuge/fei031.
- Van den Berg, Z. 2025. *Landuit want jy wil mos*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van der Merwe, A. 2025. Na 10 jaar in 'n “topland” trek ons liewers terug na SA. *Rapport*, 12 Januarie. Netwerk24.
- Van Gennep, A. 1960 [1909]. *The rites of passage*. Vertaal deur M.B. Vizedon en G.L. Caffee. Chicago: The University of Chicago Press.
- Van Heerden, E. 2017. *Die wêreld van Charlie Oeng*. Kaapstad: Tafelberg.
- Verhulst, D. 2005 [2003]. *Problemski Hotel*. Londen: Marion Boyars.
- Viljoen, H. en C.N. van der Merwe. 2006. Oor die drumpel: liminaliteit en literatuur. *Literator*, 27(2):ix–xxvi.
- Viljoen, L. 2005. 'n Tussenin-boek: Enkele gedagtes oor liminaliteit in Breyten Breytenbach se *Woordwerk* (1999). *Stilet*, 17(2):1–25.
- Wels, H., K. van der Waal, A. Spiegel en F. Kamsteeg. 2011. Victor Turner and liminality: an introduction. *Anthropology Southern Africa*, 34(1/2).
- Walkowitz, R.L. 2006. The location of literature: The transnational book and the migrant writer. *Contemporary Literature*, 67 [XLVII] (4):527–46.

Eindnotas

¹ Onder andere: *Huilboek* (2016) deur Ryk Hattingh, *Alfabet van die voëls* (2011); *Van vaders en vlugteling* (2023) deur S.J. Naudé en *Ver in die wêreld* (2023) deur Frederik de Jager (samesteller).

² Van der Merwe (2025), Rossouw (2025), Labuschagne (2025).

³ Wat die Afrikaanse letterkunde betref, is studies oor liminaliteit onderneem deur onder andere: L. Viljoen (2005), H. Viljoen (2006), R. Rautenbach Conradie (2010), A. Coetzee (2020), M. Nel en J. Olivier (2020).

⁴ Sien ook Søren Frank (2014:49) se opmerkings in haar artikel “The emergence of a literature of migration (in Europe): When, why, what, where (not)”.

⁵ Voorbeelde van migranteliteraturskrywers wat nie self migrante is (was) nie is onder andere Christina García (*Monkey hunting*, 2003), Dimitri Verhulst (*Problemski Hotel*, 2005), Arthur Umbrove (*Wat we weten*, 2017), Etienne van Heerden (*Die wêreld van Charlie Oeng*, 2017), Christy Lefteri (*The beekeeper of Aleppo*, 2020) en talle ander.

⁶ Turner verwys na hierdie fase as “anti-struktuur”.

⁷ In *Die mooiste meisie van Genua* kan die hoofkarakter en verteller nie terugkeer na sy land van oorsprong nie, omdat hy hom nie gehou het by sekere ooreenkomste wat hy voor sy vertrek aangegaan het nie en in die moeilikheid sal beland. In die gasheerland kon hy, ten spyte van sy pogings, ook nie daarin slaag om met die plaaslike inwoners te assimileer nie.

⁸ In *Die mooiste meisie van Genua* tree ’n vrou as rigtingwyser vir Ilja op. Sy spel die korrekte gedrag vir ’n inkommer uit indien hy homself aanvaarbaar vir die plaaslike bevolking wil maak. Assimilasie met die inwoners van die gasheerland word nie in die vooruitsig gestel nie, slegs dat die migrant (die verteller in hierdie verhaal) homself meer aanvaarbaar maak vir die plaaslike bevolking.

⁹ Vergelyk onlangse oproepe vir strenger wetgewing om die toegang van migrante tot Europese lande te beperk, byvoorbeeld “Migrante bedreig ‘toekoms van Europa’, sê Italië se premier” (Netwerk24, 18 September 2023).

“Duitsland het sy perke met migrasie bereik, sê Steinmeier” (Netwerk24, 20 September 2023).

Vergelyk ook berigte in die media: “Moslem-meisies in Franse staatskole verbied om abajarokke te dra” (Netwerk24, 28 Augustus 2023).

¹⁰ So, byvoorbeeld, word die tradisionele kleredrag van migrante in sommige oorwegend Westerse lande verbied, of met weerstand begroet.

¹¹ Vergelyk ook *Die mooiste meisie van Genua* waar die verteller net nie daarin kan slaag om vir homself ’n plek uit te kap tussen die Italianers nie.

¹² Deelname van migrante aan rituele van die plaaslike bevolking in gasheerlande word selde indien ooit toegelaat (83). Dit dien as bevestiging dat hulle nooit deur die plaaslike bevolking as een van hulle aanvaar sal word nie.

¹³ Kiwi's het volgens die verteller 'n beduidende anti-Chinese sentiment wat glo dat China die land se woude stroop en die huispryse opjaag (156).

¹⁴ Vergelyk byvoorbeeld *Americanah*, die roman deur Chimamanda Ngozi Adichie (2017).

“Americanah” is die benaming wat die tuisblyers in Nigerië vir migrante gee wat na jare weer uit Amerika na hulle land van herkoms terugkeer. Die bedoeling is om 'n onderskeid te tref tussen dié wat in die land van herkoms agtergebly het en die terugkerendes om die verskil tussen die twee groepe te beklemtoon. Die terugkerendes bondel weer eenkant saam vir sosiale interaksie en assimileer nie weer volledig met die lewe in die land van herkoms nie.

¹⁵ In haar artikel, “Writing Europe: a dialogue of liminal Europeans” (2009) ondersoek Máréad Craith migrante se persoonlike vertellings oor hulle ervarings in die liminale ruimte. In dié verband sê 'n Turkse gasarbeider dat wanneer hy in Duitsland is, hy as 'n Turk gesien word. Wanneer hy Turkye besoek, word hy 'n buitestander, 'n Duitser (Craith 2009:201).

¹⁶ *Die wêreld van Charlie Oeng* deur Etienne van Heerden (2017) is 'n goeie voorbeeld. Nie alleen voel Charlie nie meer tuis in die familiekring nie; hy probeer sover as moontlik van hulle af wegkom.

¹⁷ Aanhalings en parafraserings uit die boek word slegs met bladsynommers aangedui.

¹⁸ Sien ook die verteller se onderhoud met *Rapport* tydens die bekendstelling van die boek: “Zirk van den Berg oor emigrasie: ‘Ek voel my ontuis in twee lande’” (*Rapport*, 1 Februarie).

¹⁹ Só byvoorbeeld is die verteller in *Die mooiste meisie van Genua* oortuig dat sy aanpassing in Italië seepglad gaan verloop.

²⁰ *Die mooiste meisie van Genua* (Pfeijffer 2019) en *Van vaders en vlugteling* (Naudé 2023) is voorbeelde.

²¹ Soos in *Die mooiste meisie van Genua*.

²² In *Van vaders en vlugteling* (Naudé 2023) knoop die verteller 'n vriendskap met twee Serwiese migrante aan, bloot ter wille van sosiale interaksie, al blyk dit gou die twee is misdadigers en uitvaagsels wat hom sonder skroom uitbuit.

²³ Kyk ook: bladsye 52, 150, 154, 155, 218.

²⁴ Vergelyk byvoorbeeld die eerste verhaal “Waar wolwe paar” in *Van vaders en vlugteling* deur S.J. Naudé (2023:9–50).

²⁵ Die verteller beweer dat een uit drie Aucklanders van elders kom (169).